## 9. DIE BOER, SY WERK EN MAATSKAPLIKE POSIESIE.

Daar was 'n tyd in ons land toe boerdery byna die enigste middel van bestaan was. Elke Voortrekker was 'n boer en elkeen van ons voorouers het gedink dat hulle alles weet van boerdery, ofskoon hulle in werklikheid maar baie primitiewe idees van die vak gehad het. Die man wat egter vandag tevrede is met die kennis wat die Voortrekkers of selfs wat hul ouers van boerdery gehad het, is 'n gewisse mislukking.

Boerdery is nie 'n bedryf wat goed genoeg is vir elkeen wat 'n uil op ander gebied is nie. Dit is die ruggraat van die land en daarom eis dit die beste brein en terselfdertyd die vlytigste hand. Die Natuur is baie hulpvaardig, en die luiaard wat alles aan die natuur oorlaat, word soms beter gehelp as die ander luiaard wat alles aan die kaffers oorlaat. Maar vir 'n luiaard is daar nie plek op 'n plaas nie, en nog minder verdien 'n luiaard om die naam van boer te dra.

Die boer moet dan wees 'n man wat nie 'n lui haar op sy kop het nie. Hy moet die vlytigste wees op die hele plaas. Hy is die dinamo wat die hele masjienerie aan die gang hou; die brein wat die liggaam bestuur. As die boer dus nie werk nie, staan die hele affêre op die plaas stil, of loop 'n verkeerde rigting, gewoonlik die rigting van uitgawe sonder inkomste.

In die eerste plek moet die boer praktiese kennis hê van hande-arbeid om dit goed te kan bestuur, maar daar kom ook tye wanneer hy self daardie kennis in beoefening moet bring. Dit is 'n bekende feit dat Blou-Maandag reeds Sondag-agtermiddag begin vir die boer. Daarom moet hy self kan werk, omdat hy soms self MOET werk.

Maar hy is nie in die eerste plek 'n hande-arbeider nie.

Die man wat al sy werk self doen, is 'n knapsak-boertjie wat nie juis in ons tyd die naam van boer verdien nie. Die boer moet dus verder die bekwaamheid besit om te bestuur; want hy moet ander in sy diens neem. Dus moet hy 'n persoonlikheid hê na wie ander kan opsien en respekteer. Hy moet ook mensekennis hê en kennis van verdeling van werk om die regte man op die regte plek te kry, en om met die minste onaangenaamheid die meeste uit sy diensbodes te kry.

Maar dit alles is nog maar 'n deeltjie wat van hom verwag word. Hy moet verder 'n boekhouer wees wat kan self verslag gee van elke pennie wat uitgegee word en van elke pennie wat inkom. Dit is die groot geheim van sukses wat baie boere nog nie besef nie. Die vraag is nie net hoeveel sy inkomste was nie, maar ook hoeveel van sy uitgawes 'n noodsaaklikheid of 'n goeie geldbelegging was. 'n Boer moet nie bang wees om geld te spandeer om noodsaaklike verbeteringe aan te bring nie, of om die boerdery uit te brei as die uitbreiding goed behartig kan word en winsgewend sal wees nie. Maar hy moet die kuns verstaan om sy rieme te sny volgens die vel wat hy het. Sy boeke moet ook dien om te bereken of al die dele van sy onderneminge betalend is; of sy varke nie miskien die profyt van sy beeste insluk sonder om groter profyte op te lewer nie. As dit die geval is, spreek dit vanself dat die tand waarin bederf is, moet uitgetrek word om nie die hele liggaam te laat vergiftig nie.

Dis ook duidelik dat die boer wat self sy waens en ploeë kan repareer, goed doen, maar die vraag moet altyd wees of die tyd en moeite wat hy daaraan spandeer, vir hom nie meer werd is as wat hy anders aan die smit betaal nie; met ander woorde 'n boer moet kennis hê van die waarde van tyd en werk.

En nou, as die boer 'n goeie bestuurder is, 'n goeie boekhouer en 'n goeie takseerder van werk, dan moet hy nog

boon-op 'n studie maak van die mark. Hy moet net een oog aan die plaas wy en die ander oog moet gedurig op die mark gerig wees, om die beste pryse of tenminste redelike pryse te bekom vir die produkte van sy arbeid op die plaas. Miskien is dit juis 'n fout wat boere maak om nie tevrede te wees met goed betalende profyte nie, maar om altyd die hoogsmoontlike pryse te wil hê. Besigheidsmanne spekuleer hierop deur die pryse soms hoog te ja en dan skielik te laat val. Nie alleen word baie boere daardeur geruïneer nie, maar baie kopers word daardeur uit die veld geslaan en daarom is daar dikwels nie mark nie.

Nou kom die vraag watter soort boerdery moet aangepak word. In ons land is daar so baie kanse, dat as 'n mens rekening hou met die geaardheid van die wêreld, 'n mens 'n sukses kan maak van elke soort boerdery in Suid-Afrika. Op byna elke gebied het Suid-Afrika alreeds voortreflike boere opgelewer. Dus hoor ons van die mieliekoning, die aartappelkoning; wol is 'n baie groot produksie van ons land en ook het Suid-Afrika groot beesboere opgelewer. Die boer behoort 'n deskundige te wees in sy afdeling van werk en hom op daardie soort boerdery toe te lê. Dit beteken nie dat hy ander afdelings van sy boerdery moet verwaarloos nie, maar hy moet sy afdeling as hoofsaak beskou, waarom al die ander afdelings wat hy aanpak gegroepeer moet word.

Neem 'n voorbeeld: Die skaapboer moet in tyd van droogte die skape eerste versorg. Wanneer nodig, moet die mielies afgesny word as voer vir die skape. Op dié manier red hy nie net sy vee nie, maar ook sy reputasie wat hy reeds in dié afdeling verwerf het.

Die boer moet ook die kuns verstaan om goeie gebruik te maak van al die „afvalprodukte". Op dié manier kan die afgeroomde melk van die melkboer aan varke of skape gevoer word wat aldus in vleesprodukte omgewerk word.

Die afvalmielies kan aan pluimvee of varke gevoer word en ook op hul beurt winsgewend word. Dus moet die boer toesien dat niks verlore gaan nie.

Die boer moet voldoen aan die verwagtinge wat sy land en volk van hom koester as intelligente boer. Hy moet dus met sy boerdery die land en volk waaraan hy behoort tot eer strek, hy moet 'n voorbeeld wees vir ander boere rondom hom en vir die wat na hom kom. Verder moet hy voldoen aan die samelewing. As hy besef dat hy 'n skakeltjie is van sy samelewing, wat hy kan help opbou of afbreek, dan sal hy nie terugstaan wanneer daar redelike aanspraak gemaak word op sy dienste nie. Hy moet ook self voel dat deur middel van 'n debatsvereniging of deur gesellige byeenkomste hy 'n diens kan bewys aan die jongere lede van sy omgewing wat nog ervaring en kennis moet opdoen om self nuttige lede van die maatskappy te word.

Die slotsom waartoe ons dus kom, is dat die boer sy eie baas is; maar hy moet hom laat lei deur hoër beginsels, anders sal hy, juis omdat hy sy eie baas is, selfsugtig en inhalig word. Sy strewe moet steeds wees om die boer nommer een te maak in die land op elke gebied.

## 10. 'N BRAND.

Daar is meer as een soort brand waaroor 'n mens kan skrywe; daar is byvoorbeeld so iets as 'n brandende liefde, selfs 'n brandende haat, maar behalwe hierdie twee emosies het ons die element vuur en dit is hierdie element waaroor ek gaan skrywe.

Die ou gewoonte van die aanhou van ratelwagte wat moes uitroep as daar 'n brand uitbreek, is verby en net in dorpe teenswoordig, is die gewoonte nog om al wat klok is, te lui. In die grotere stede weet 'n mens amper nie van 'n brand nie, tensy hy per ongeluk die groot vuurblusser sien of

skielik op 'n brand afkom. Volgens wet moet al die verkeer gehoor gee aan die seine van die vuurblussers of brandweer om plek te maak vir die masjiene se toelopende vaart na die plek waar die vernietiging van die aangrypende vlamme vuur alleen deur die magtige kontras-element — water — uitgeblus kan word.

'n Brandtoneel is seker een van die mees skrikwekkende tonele om te aanskou. Dit is seker omrede die lewe van 'n arme sondaar hiernamaals in sulke donkere beskrywinge van 'n voorstelling deur die vuur beskrywe word, dat dit 'n twede ingewortelde natuur in 'n mens geword het om terug te deins van die vlammende arms van die vuur en nog te meer waarom dit so'n onuitwisbare nadruk op 'n mens laat, is die gedagte wat so wortel gevat het dat die wêreld met vuur en sulfer sal vergaan.

Dit was in die jaar 1923 toe 'n welbekende dorp een nag — in die maand Oktober — plotseling in rep en roer geskud was. Die skrywer van die toneel wat naby die brandplek gewoon het, was deur een van sy maats gewek en sy aandag verwys na die weerkaatsing van die groot vuur in die blou hemeltrans. Die duisende skitterende sterretjies wat soos hemelliggaampies aan die hemeltrans prikkel, dog hulle swakheid toon om lig te verskaf op die treurige toneel ooreenkomstig die lig van die aangrypende vuurvlamme, was ooggetuie van die allerernstigste gebeurtenis.

Dit het ook nie lank geduur nie of die omgewing was besaai van die opkomende nuuskieriges wat trekke van angs op hulle gehad het en hulle waarlike gevoelens deur hulle gelaatstrekke geuiter het.

Met 'n plof soos die van 'n kanon val die dak van die gebou ineen, as gevolg van die trotserende vuurvlamme; daar weer stort 'n muur inmekaar met 'n hewige gedruis soos die van die bruisende branders op die see, onder die geskree en gedrang van diegene wat te na gegaan het, om uit die

weg van vallende muur en ontembare vuur te kom. Dit skyn asof dit 'n verdere aanmoediging was vir die vuur wat op hierdie oomblik uit alle hoeke en kante van die gebou styg. Helaas, met al die kragsinspanning van die brandweer om die vuur onder hulle beheer te kry, stort die hele gebou as 'n opgefrommelde vuurhoutdosie ineen om haar lotgevalle in die arms van die hitsige en onoorwonne vuur te werp. Dit het geen uur geduur nie of die hele gebou, wat eens 'n pragstuk in die omgewing was, lê nou in 'n ashoop verbrand.

Wat 'n gesig, ja 'n gesig en toneel wat vir die mens onbeskryflik is, wat alleen 'n denkbeeld kan gee vir diegene wat 'n soortgelyke gebeurtenis aanskou het. Die einde het haastiglik en gewis gekom, ja so gewisselik as die dood van iedere magtelose mens, en het die rookwolke en vuurvlamme, soos die mis voor die vroeë môreson verdwyn; 'n skouspel wát nie alte lig en gou vergeet sal word nie, veral deur diegene wat dit self oortuig het nie.

## 11. DIE BEOEFENING VAN SNELSKRIF (1).

Wat is snelskrif? Dit is 'n soort van verkorte skrif wat ook 'n klankskrif genoem kan word, omdat dit absoluut volgens klank geskryf word. Vir elke klank in die taal, is so na moontlik 'n teken gegee en hierdie tekens moet eers goed geleer word voordat 'n mens kan verwag om dit te skrywe. Om dit verder te verduidelik sal 'n bietjie in die ontstaan en die geskiedenis daarvan moet ingegaan word, maar ook sal dit nie 'n alte maklike taak wees nie, want dit kan nie met die grootste versekering presies gesê word wanneer dit begin het nie. Hoe lank dit voor die tyd van Cicero bestaan het, weet ons nie, maar dit word vertel dat Cicero self een of ander ontwerping gebruik het. Dit moet genoeg betuig, dat die handel dit toe al vereis het, maar seker nie in so'n grote mate as teenswoordig die geval is nie.

Om meer bepaald tot snelskrif te kom, kan nie op al die stelsels gewys word nie, want daar is meer as 300 soorte in daaglikse gebruik. Ons het hier meer te doen met 'n stelsel wat in al die dorpe en stede van al die landstreke gebruik word — die stelsel wat tot nog toe al die ander stelsels oortref het — die Pitman-stelsel. Dit oortref die ander stelsels nie alleen in gemaklikheid en snelheid nie, maar veral omdat dit die enigste stelsel is wat so vatbaar is vir adaptasie vir enige taal. Dit word op die oomblik in 28 tale geskryf, insluitende die jongste taal, Afrikaans.

Sir Isaac Pitman wat op 4 Januarie 1813 te Wiltshire gebore was, het 'n goeie opleiding geniet en het later in sy vader se besigheid gegaan waar hy as snelskrywer en tikker begin het. Die stelsel wat hy toe gebruik het, was die van Taylor, maar dit het hom nie heeltemal aangestaan nie. Sir Isaac was 'n man van diepe insig en het gevoel dat iets nodig was, wat tot in die verre toekoms met gerief geskryf kan word en iets wat aan die toenemende haastigheid van die voortdurende beroepe in die handel voorsien. Hy het spoedig getoon dat hy 'n man van ambiesie en ywer is, want in 1829 het hy 'n spesiale studie gemaak van 'n goeie standaardwoordeboek van daardie tyd. Hy het dit gedoen met die oog op die klanke van die Engelse taal.

In 1831 het hy begin onderwys gee en het so 'n sukses daarvan gemaak, dat hy in 1836 self 'n handelskool gestig het, en dit was gedurende daardie tyd dat hy die wêreldberoemde stelsel van snelskrif ontwerp het. So ywerig en ernstig was Sir Isaac met die saak, dat sy eerste uitgawe in 1839 verskyn het. Dit was maar 'n klein boekie wat destyds teen 'n geringe prys van vier pennies per eksemplaar verkoop was, maar later so uitgebrei het dat dit vandag byna driehonderd bladsye bevat en die prys tot 4/6 verhoog is.

Sir Isaac Pitman is in Januarie 1897 oorlede, maar sy

naam lewe nou eers en sal ongetwyfeld voortlewe tot veel eer en genot van die nakomelinge en opvolgers wat vandag en in die toekoms nog sy stelsel sal gebruik. Hy het seker nooit kon dink dat sy stelsel die rekordstelsel van die wêreld sou word nie. Dit behou die wêreldrekord vir snelheid, dit is 350 woorde per minuut, wat deur Meneer Nathan Behrin in Augustus 1921 in Amerika behaal is. Maar selfs in Afrika het die stelsel so ontwikkel dat die rekord hier verkry is deur 'n snelheid van 220 woorde per minuut in die Afrikaanse taal.

## 12. DIE BEOEFENING VAN SNELSKRIF (2).

Die vraag wat onmiddellik in die gedagte skiet, is hoe kan 'n mens so vinnig skryf? Tog is dit moontlik en dit word daagliks beproef. Dit hang grootliks af van hoe 'n mens te werk gaan, en die vernaamste van alles, hoeveel taalkennis hy besit. Die grootste vereiste van snelskrif is 'n deeglike taalkennis en hierby volg 'n behoorlike en grondige teoretiese kennis van die neergelegde reëls.

Daar is natuurlik verskeie maniere en metodes om te leer, maar sprekende van eie ondervinding, behoort die leerling, wat 'n volslae en vlugge stenografis wens te word — en dit behoort tog minstens die ideaal van elkeen wat snelskrif opneem, te wees — hom gewend te maak aan al die medeklinkers en woordtekens, veral die verkortinge, logogramme en verbindinge, en dit soveel maal moontlik te oefen totdat die maklik word en vrywel uit die pen vloei. Kom die beoefenaar woorde teë wat enigsins moeilikheid veroorsaak, dan moet hy dit herhaalde male uitskrywe totdat dit gemaklik getrek kan word. In rekening moet gehou word dat alles wat neergeskrywe is, weer teruggelees moet word, daarom is dit so 'n vername vereiste om alles baie deeglik en duidelik te trek.

Die waarde van snelskriflees, by die beoefening van snelskrywe, kan nooit oorskat word nie; 'n rede waarom die leerling soveel moontlik snelskriftekens moet lees. Hy moet nie alleen sy eie tekens maar ook dié van ander snelskrywers probeer lees. Dit kan gemaklik gedoen word, deur die boeke van die leerlinge in 'n snelheidsklas onder mekaar om te ruil, of deur by 'n snelskrywersvereniging aan te sluit waar snelskrifonderwerpe bespreek word, of om aan sy vriende, wat ook snelskrif ken, in snelskrif te korrespondeer. Op hierdie wyse kan sy snelskrif aansienlik verbeter word.

In aanmerking moet geneem word, die feit, dat in snelskrif net soveel indiwidueele karakteristieke is as wat daar in gewone skrif is, daarom moet elkeen hom gewoon maak aan sy eie eienaardighede en dit gereeld toepas sodat hy geen moeite sal ondervind nie, wanneer hy sy aantekeninge teruglees, veral as dit met 'n hoë snelheid geskrywe is. Dit is die rede waarom dit so absoluut noodsaaklik is om vanaf die begin alles so duidelik moontlik te trek. Dit is baie jammer dat leerlinge so dikwels van die neergelegde reëls en beginsels van stenografie afdwaal, daarom mag nog eens gewys word op die belangrikheid van eenvormigheid van die tekens. Trek hulle nie alte lank nie, ook nie alte kort nie, omdat abnormale groot tekens nie vir snelheid deug nie. Mikroskopiese tekens het dieselfde noodlottige gevolge. Die een neem te veel onnodige en kosbare tyd in beslag met die afneem daarvan, waar die ander te veel tyd in beslag neem met die teruglees daarvan.

By die beoefening van snelheid moet veral gelet word op die toepassing van soveel verkortings en verbindings moontlik, want hierdie tekens is spesiaal vir die aankweking van 'n groot snelheid, opgestel. Maar een ding is seker, dat 'n oortollige gebruik daarvan baie gevaarlik is, veral wanneer dit onduidelikheid en enige aarseling met die oorskrywe veroorsaak. In sulke gevalle is dit absoluut aanbevelens-

waardig om die woorde liewer apart te skrywe of heeltemal uit te skrywe, want dit baat tog niks as 'n mens 140 woorde per minuut kan neerskrywe deur die inlating van verkortings en verbindings wat nie behoorlik teruggelees kan word nie. Vermy dus enige verbindings — al is dit baie kort — wat tydsversuim en onduidelikheid sowel as onsekerheid mag veroorsaak.

Niemand behoort tevrede te wees met 'n oppervlakkige kennis van die snelskrifkuns nie, maar behoort hom tenvolle daarin te kwalifiseer. Hoe meer bevoeg hy is, hoe beter is dit vir hom en sy werkkring. Wees dus beslis om 'n groot snelheid te verkry, wat dan ook gemaklik verkry kan word deur sistematies te werk en gereeld te oefen.

## 13. NAGMAAL OP 'N DORP.

Ses maande is verby en verlangend sien elkeen uit na die dag wanneer daar weer op Perdekraal 'n witglansende plaat waens sal staan, want daar sal binnekort weer nagmaal op die dorp wees.

Die dag is eindelik aangebreek, en as 'n mens op die vergaderplek staan, kan jy in die verte, die gerommel en gekraak van die swaargeboude Voortrekkerswaens hoor. Saamgesmelt met die dowwe geraas word daar ook 'n helder metaal stemmetjie gehoor. Wat dink u veroorsaak laasgenoemde geluid? Niks anders as die trooster van die Afrikaner nie, naamlik sy koffieketeltjie.

Dis die aand voor die nagmaal. Die jongspan se uitbundige vrolikheid is onbeskryflik. Geluk en selftevredenheid is op elkeen se gelaat te bespeur. Dog die skemering begin te nader. In die laer word dit stil, en ons sien die waens teen die snel donkerende lug silhoeëtteer; elkeen begewe hom nou rustig in die arms van „Morpheus".

Reeds vroeg op Sondagmôre bespeur ons 'n beweging in

die laer; dis die flukse boeredogters, wat besig is om koffie te maak. Nadat almal 'n geurige koppie koffie geniet het, word daar voorbereiding gemaak vir brekfis. 'n Uur later tref ons die hele laer in 'n kring aan en een van die eerbiedigste manne sien ons op 'n wakis staan, met die Bybel in sy hande. 'n Uur lank duur die oggend- of liewer die voorbereidingsdiens, want die ware en opreggeaarde Afrikaner is baie geheg aan sy Godsdiens.

Dis nou byna tienuur, en dis tyd, dat die kerk moet begin. Almal stap bedaard daarheen. Eerbiediglik neem elkeen sy plaas in en wag totdat die leraar die kansel bestyg. Die voorafgaande diens word gehou en die nagmaal uitgedeel soos gewoonlik. Nadat die verrigtinge afgeloop is, gaan almal weer terug na die laer met die versekering dat hy 'n seën ontvang het. Die res van die dag word godsdienstig deurgebring, want dis Sondag, 'n groot dag vir die Afrikaner; altans van daardie tyd.

Dikwels gebeur dit dat party boerefamielies nog 'n dag daar vertoef. So tref ons die meerderheid op Maandag nog in die laer aan. Die dag word deurgebring soos 'n vorige weeksdag. Die middag, egter, voor die vertrek, na elkeen 'n verkwikkende middagmaal geniet het, sien ons die laer lê asof almal daarin deur die bekoring van die middagdynserigheid aan slaap gestreel is.

Teen die namiddag bemerk ons weer 'n beweging en ons sien, dat almal nou fluks besig is om hulself reisvaardig te maak.

Nadat alles gereed is, begin almal hartlik van mekaar afskeid te neem; en die terugtog begin in alle erns, want iedereen is met nuwe moed besiel om weer die werk op die eensame plaas aan te pak.

Langsamerhand hoor ons nou die stemmetjie van die koffieketeltjies swakker en swakker, totdat daar op Perdekraal eindelik weer 'n doodse stilte heers.

## 14. „MENTE MANUS MAGISTRA".

Miskien het sommige lesers al dikwels gepeins oor die betekenis van die verskillende simbole wat gewoonlik op Kollege-wapens verskyn en daarom sal ons probeer om hier net kortliks een sodanige wapen — dié van die Kaapse Tegniese Kollege — uit te lê.

Die vernaamste simbool is die towerstaf van Hermes, een van die gode van Griekse mitologie (in Romeinse mitologie ook Merkurius genoem). Hy het die vredestaf in sy hoedanigheid as boodskapper en herout van die gode gedra. Hermes self is die god van Handel en, ongelukkig ook, van Bedrieëry en Sluheid.

Die vernaamste verrigting van die Kaapse Tegniese Kollege is om onderwys in vakke te gee wat die handel en nywerheid raak, en dit word verwag dat die verbeterde kennis en bekwaamheid van die werker, wat hy op so 'n inrigting kan kry, 'n aanmerklike gevolg op die toekoms van Suid-Afrikaanse handel en nywerheid sal hê. Dus sien ons die rede waarom Hermes se staf so 'n belangrike gedeelte van hierdie wapen vorm.

Op die onderste gedeelte van die wapen pryk 'n skip wat die land op 'n langdurige reis verlaat. Dit stel voor die lewe van 'n jong mens, wat sy lewenswerk in een of ander ambag of beroep begin.

Die land stel voor die ouderlike huis, die skip, die jong mens, en die see, die lewe met al sy gevare en awonture. Die vuurtoring stel voor die wetenskap, wat ons op die lewenspad verlig.

Die toepaslikheid van hierdie gedeelte van die ontwerp lê in die feit dat die Kollege veral bestaan vir mense wat die gewone skole al verlaat het, en wat verlangend is om meer bekwaam in hulle besondere lewenstaak te word.

Die Latynse leuse „Mente manus magistra" beteken:

„Die verstand is meester van die hand", met ander woorde, alles wat die hand doen, word deur die verstand bestuur, en dus om bekwaamheid van die hand te verbeter, moet die verstand ook verbeter word.

Dit is met hierdie doel voor oë dat die Tegniese Kollege die strydperk ingetree het, en wanneer die uitstekende werk en die snelle uitbreiding van die laaste paar jaar in aanmerking geneem word, kan dit byna met sekerheid gesê word dat die wapen een van die vernaamste faktore was wat daartoe bygedra het sulke vooruitgang teweeg te bring.

## 15. DIE POSKANTOOR.

In hierdie verligte eeu is dit vir ons amper onmoontlik om te glo dat daar 'n tyd was toe daar nie soiets as 'n poskantoor, wat sy voelhorings oor die hele wêreld versprei, bestaan het nie. In die ou dae, as 'n mens na iemand 'n brief wou stuur, moes jy daarvoor spesiaal 'n loper of 'n bode huur, dit is, 'n persoon wat die reis moet doen na die persoon aan wie die brief geadresseer is, en dit eiehandig aflewer. Dit was natuurlik 'n duur manier van doen. Buitendien was dit soms ook baie moeilik om 'n bekwame en betroubare persoon vir die werk te vind.

Vandag, as ons iets per brief mee te deel het aan 'n persoon of maatskappy, hetsy hy woon in Johannesburg of Sjiena, koop ons alleen by die poskantoor 'n posseël van 'n paar pennies, plak dié daarop, skryf die adres op die koevert, en gooi dit in die posbus, en ons weet dat die vervoer en aflewering daarvan so seker is dat ons gerus gaan slaap en daar nooit weer om dink nie voordat ons van die persoon 'n antwoord kry.

Hoe is dit moontlik dat 'n brief vervoer kan word na Sjiena of Hongkong of die mees afgeleë deel van die wêreld vir 'n paar pennies? Die sleutel van die geheim moet ons soek

in samewerking op 'n groot skaal, waardeur sulke wonderlike dinge in die wêreld uitgerig kan word. As die briewe een vir een vervoer en afgelewer moes word, sou dit 'n groot som kos, maar as daar 'n diens ingestel word vir die vervoer en aflewering van duisende briewe tesame, dan kan dit gedaan word soos dit vandag geskied.

In feitlik alle lande van die wêreld word hierdie diens beheer en behartig deur die Owerheid. Die Regering laat die posseëls maak teen geringe koste en verkoop dit dan aan die publiek vir die waardes wat daarop gedruk is, en kry so die nodige geld vir die betaling van die onkoste van die posdiens. Dat selfs hierdie klein som, wat ons vir briewe betaal, al die onkoste van die poskantoor dek, word bewys uit die feit, dat gedurende die laaste paar maer jare in die geskiedenis van die land, toe ander staatsdepartemente dit maar swaar gekry het om betalend te wees, die poskantoor nog altyd goed betaal het.

Op die oomblik betaal ons 2d. vir die vervoer van verseëlde briewe na die binneland en $^1/_2$ d. vir oop of onverseëlde briewe. Vroeër, voor die oorlog, was dit maar 1d. vir eersgenoemde, maar gedurende die groot oorlog, toe alles opgegaan het, het die Poskantoor dit verhoog tot 2d. Noudat dinge weer normaal word, keer ons weer tot die vooroorlogse tariewe terug, en van die begin van aanstaande jaar af sal ons weer in staat wees om ons gewone briewe met 1d. seël daarop in die posbus te gooi.

Dog die poskantoor hanteer nie alleen briewe nie. Dit ontvang en versend ook pakkette. Hulle moet egter nie swaarder as 'n sekere gewig wees nie. Dis meestal vir klein pakkies bedoel en daar word baie duisende van hulle elke jaar na alle dele van die wêreld met die pos gestuur. As 'n mens dit verkies, dan samel die poskantoor selfs vir goedere wat deur die pos bestel word die geld daarvoor in, teen betaling van 'n klein fooi. In dié geval word die pakket nie afgelewer

nie voordat die persoon, aan wie dit geadresseer is, dit eers betaal het. Dan word dit deur die poskantoor oorhandig aan die verkoper.

Hier in Suid-Afrika, net soos in sommige ander lande van die wêreld, het ons ook 'n landboupakkettepos. Dit is, pakkette met landbouvoortbrengsels daarin, kan teen 'n spesiale goedkoop tarief versend word. 'n Pakkie wat nie swaarder as 6 pond weeg nie, kan verstuur word met posseëls ter waarde van 8 pennies daarop; pakkies onder die 9 pond kos 10d., en pakkies tot 11 pond kos slegs een sieling. Swaarder as 11 pond mag die pakkies nie wees nie. Die tarief vir gewone pakkies is baie duurder. Met die pos word baie boomplantjies, bolle, kruie, blomme, gedroogde vrugte, biltong, konfyt, heuning, sade en ander sulke dinge gestuur. Dit is 'n groot gerief vir die bevolking.

Vir die versending van 'n rekening of 'n gedrukte omsendbrief is maar 'n ½d.-seël nodig, as dit oop of onverseëld gestuur word. As 'n mens geld in 'n brief stuur of iets wat baie waardevol is, is dit beter om dit per geregistreerde of aangetekende brief te stuur. Dan hou die poskantoor aantekening daarvan, en reik 'n ontvangsbewys daarvoor aan die versender uit. Dan is die kanse van die wegraak van die brief maar baie min, en as dit gebeur, word die versender gedeeltelik deur die Poskantoor uitbetaal.

Geld kan ook per telegram weggestuur word, in welke geval die geld by jou poskantoor inbetaal word, en 'n telegram gestuur word na die poskantoor waar dit betaal moet word, wat dit dan uitbetaal aan die persoon in die telegram genoem aan die ander kant. So kan geld in een dag betaal of oorgestuur word in enige deel van die land.

Daar word ook 'n massa koerante en drukwerk oor die pos gestuur. Daar is 'n goedkoper tarief daarvoor as dié van die gewone tarief vir briewe of pakkette. So word ook baie boeke met die pos teen dieselfde tarief gestuur.

Die vervoer van die possakke vind op verskillende maniere plaas; gewoonlik die gouste of gerieflikste manier. Oorsese briewe en pakkette word natuurlik per stoomskip gestuur. Binnelandse goed per trein, moter, perdekar, ossekar of selfs per draer. Binnekort sal seker baie van die ,mails' met die vliegtuig vervoer word. Dan sal dit baie gou wees. 'n Tydjie gelede is daar reeds 'n proefneming gemaak om die pos van Durban na Kaapstad per vliegtuig te vervoer. Dit was baie suksesvol, en ofskoon die diens nie langer meer bestaan nie, is dit heel waarskynlik dat ons binne korter of langer tyd so 'n vaste diens in die Unie sal hê, want hulle het al heelwat sulke vaste dienste in ander dele van die wêreld.

In die dorpe en stede word die briewe almal aan die woning of die kantoor afgelewer deur persone, genoem briewebestellers. Hulle is persone wat ons baie graag by die voordeur sien, want hulle is gewoonlik die bringers van nuus of besigheid. Sommige persone en firmas vind dit gerieflike om nie die briewe deur die briewebestellers te laat bring nie. Hulle huur gewoonlik 'n posbus by die poskantoor, dan word al die briewe, aan hulle geadresseer, in hulle aparte busse gegooi, waarvan hulle die sleutel het.

Die poskantoor beheer ook ons telefoonstelsel. Vir die betaling van 'n sekere som, gewoonlik omtrent £ 7 tot £ 9 per jaar, sit die poskantoor 'n telefoon in jou huis of jou kantoor, en dan kan 'n mens op 'n afstand praat met 'n ander persoon wat ook 'n telefoon het. Al wat jy moet doen is net om sy nommer aan te vra by die telefoonburo. Van Kaapstad kan jy sover soos Beaufort Wes praat. Gewoonlik mag die gesprek nie langer as drie minute duur nie. Is die tyd verstryk en jy wil langer praat, moet jy meer tyd by die buro aanvra. Maar gewoonlik kan 'n mens heelwat sê in drie minute se tyd. In elk geval, as jy dit in 'n brief moet sê sal dit 'n taamlike lang brief moet wees, en dan sal jy ook nie voor die verloop van 'n paar dae antwoord kry

nie. Die telefoon, net soos die res van die posstelsel, is dus 'n groot gerief en 'n tyd- en geldbespaarder vir die publiek.

## 16. DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE VOORUITGANG.

Met die oog op die nasionale ontwikkeling en die vooruitgang van die Suid-Afrikaanse volk, 'n tred waarvan die snelheid by geen ander volk ter wêreld te vinde is nie, is dit noodsaaklik om die eerste en vernaamste rigtings wat so'n ontwikkelingsproses opvolg, na te speur en te peil, en dan die gevolgtrekkings te stel tot toets wat kan dien tot maatstaf om die gehalte van die bereikte status te bepaal, en 'n proporsionele vergelyking te tref soos dit staan teenoor dié van die ander nasies van die wêreld.

Die vernaamste — nie alleen van ons volk nie, maar van enige beskaafde denominasie — is die taal van 'n volk: die ware siel waarin die hoogste en edelste karakteristieke en gewaarwordinge, gevoelens en strewe, Heilige en Goddelike besielinge, weerkaats en bespieël word; die middel waardeur gemeenskaplike omgang moontlik gemaak word — ja, die enigste middel wat dien tot die ontvouing van 'n gemoorde knoppie van die menslike wasdom in 'n pragtige oopgevlekte blom van beskawing. In hierdie eerste — tog oudste — stadium van volkegroei het ons as 'n blanke bevolking in Suid-Afrika geseëvier bo al die ander magtige en oudste nasies van ons planeet.

In die ander vername faktore wat dien tot die welvaart en algemene bestaan van 'n volk, naamlik Wetenskap en Handel — wat soos vingers van dieselfde hand is — het ons 'n rekord waaroor ons nie beskaamd hoef te wees nie. Die feit dat Suid-Afrika se blanke bevolking een van die ontwikkeldste op die lys van die wêreld se nasies is, pro rata met die populasie, staaf ten volste die bewering, en verdryf enige aarseling om so'n verklaring vryuit te maak.

Die eerste beskaafde taal wat vesting hier in die suidelike deel van Afrika geneem het, is Hollands; waarna daar 'n stroom van soetluidende Frans ingevloei het, deur middel van die Godsalige Hugenote (geloofsvlugtelinge) wat hier 'n hoekie van veiligheid kom soek het. Naderhand het hier ook stroompies van Duits, en ander tale ingekom; maar die gesaghebbende taal, waarvoor al die ander moes buig en wegkwyn, was Hollands. Hoewel gesagvoerend, tog het die invloed van die swakkere, en van die omgewing sowel as die onbeskaafde gepiepel en gemurmel patois van al die barbaarse gekleurde rasse hier en daar 'n onvergisbare spoor nagelaat.

Die karakteristieke wat die Franse uitspraak kenteken word soms nog sterk by ons gevoel, vernaamlik in name van mense en eiename. Nie alleen het die invloede spore gelaat nie, maar so stram teen die taalvorm gedruk, dat die vorm 'n ander fatsoen aangeneem het, en daar al gou 'n taal gegiet was wat tussen die mure, deur die aanpersing aangebring, gepas het, en 'n vlugge ontwikkeling aangeneem het. Die taal, hoewel van sy oorspronklike vorm verander, het nie in waardigheid en skoonheid verander nie; inteendeel, ons kan die vergelyk met die metamorfose van 'n skoenlapper.

Die nuwe skepping uit 'n ou korpus, gepaard met 'n opknapping deur fyne skoonhede van 'n sorgvuldige keuse uit die mooiste van die ander tale, eer en respekteer ons bo alles wat menslik en stoflik is, word deur ons so teer bemin, en het ons die voorreg om ons eie taal, ons moedertaal, ons Afrikaanse taal te noem. Ja, dit is vandag die jongste taal in die taalgroep van die wêreld, wat burgerreg verleen is, maar tog is dit 'n kennende hoof al is hy ook op jong skouers. Die rewolusionêre periode is verby, en die ewolusionêre se maat is 'n drafstap — dit moet so wees want die maat van die volk self is niks minder as 'n draf nie; want dit is die

staffie van die volkssinjeur wat die noot „voorwaarts, voorwaarts", sou herhaal, met so'n vinnige opmekaar-volging.

Het ons ook so fluks op wetenskaplike gebied vooruitgegaan? Hierdie vraag vereis geheelenal nie 'n buitengewone verstandsvermoë of die deursoekende brein van 'n filosoof of deskundige om dit te beantwoord nie, — nee, die uitslag is so openbaar en daghelder dat die kleinste kind, en die ongeleerdste, selfs die barbaarste Kaffer — hoewel sonder die vaagste begrip vir sy onverklaarbare verstand — die skouspel staan en aanstaar en bewonder, met die hand op die mond, en die tong onder 'n geestesdrukking van stilswye. Wat is wetenskap? Vra tog liewers wat is nie wetenskap nie? Met 'n paar uitsonderinge is alles wat ons sien, hoor, gewaar of tas, direk of indirek die vrug van wetenskap — wetenskap op een of ander manier toegepas. Sou ons uitwei oor vorme soos elektrisiteit, stoomkrag, waterkrag, lugperskrag; psigiologie, fisiologie, sosiologie, ekonomie, astronomie, en baie van die ander gies en mies wat nog oorbly? Nee! hulle is te in-die-gesig-starend, ons sal hulle maar verbygaan en na 'n paar ander kyk, en ook waarvan die voriges in 'n eenvoudige vorm bedien word, en nie so erg in-die-oog-lopend vir die algemene persoon is nie.

Neem nou die boerdery, en as 'n mens mooi nagaan sal dit duidelik gesien word dat wetenskap — al is dit ook, soos in die vorige reëls aangehaal, maar in 'n eenvoudige vorm en vir die toepasser miskien 'n onbewuste saak — nou 'n oneindige rol speel. Daar word nou op die plase verbeterde metodes in die suiwelboerdery gebruik, waar party boere ook groot koelkamers vir hulle vleis het en dit so bewerk dat dit lank goedbly en geskik kan wees vir vervoer oor ver distansies. Vir ander soorte van produkte soos vrugte, ens. word daar vandag deur progressiewe boere wiskundige behandeling toegedien, en die vooruitgang en verbetering neem vinnig toe, namate die ontwikkeling. Op die

landbouskole bestaan al die kursusse uit 'n samevatting van wetenskaplike navorsings. As ons oor die landbouskole dink, gly die gedagte van huishoudkunde onwillekeurig saam; selfs daar kom al fyn en kunsmatige puntjies van wetenskaplike toepassing in.

Taamlik, kan ons sê, het ons pas gehou met die algemene ontwikkeling, en selfs hier en daar 'n skrede of wat vooruit gewaag. Waarlik, as die eeue van die verlede 'n Lots-terugblik sou waag, kon daar in hulle ver-verlede miskien ook 'n verbasende skouspel van bewondering bespeur word, as ons die gesigte van ons voorouers kon sien as die toneel van die hedendaagse omwentelinge hulle sintuie begroet.

Grotendeels is ons handel afhanklik van boerebedrywighede. Die verklaring is daarin opgesluit dat die land nog jonk en dunbevolk is, wat uitgestrekte grense aanbied vir ekstensiewe landbou. Hoe uitgestrekter die grond om bewerk te word hoe minder werk vereis dit, en hoe kleiner die kapitaal wat nodig is. Met die onmiddellike natuurlike voordele het dit nie lank geneem nie voordat Suid-Afrika 'n land van prima-produksie geword het; en met dit as fondament het die gestadige bou van handel in sy proses voortgegaan. Die ontkieming was van 'n tweërlei protogeniese aard, naamlik kleinhandel en 'n kombinasie van fabrikasie en groothandel waarvan eersgenoemde die eerste spoorslag geslaan het, wat toe te skrywe is aan die noodsaaklikheid van distribusie of uitdeling, want 'n mens se behoeftes eis dit, en as die lewensware nog nie in die land van vestiging opgebring word nie, dan is dit nodig om hulle te importeer.

Aan die ander kant het die fabrieke eers in werking gekom nadat 'n werkbare hoeveelheid van ru-materiaal hier kon geproduseer geword het. Vandag is ons 'n land wat al oor die honderd-en-vyftig verskillende soorte van produkte en artiekels uitvoer en 'n groot aantal industriële nywer-

hede hier het, en 'n mate van konkurensie in die wêreldmarkte aanhef wat die ander ouer nasies nie oor durf lag nie; en baie van hulle het 'n hoë verwagting dat ons hulle in die nabye toekoms van baie van die eerste lewensbehoeftes sal kan voorsien, wat kensketsend is van 'n rooskleurige toekoms vir ons kommersiële bedrywighede. Dan lewer ons vyftig persent van die wêreld se goudopbrings, en die fraaiste diamante en ander kosbare juwele vind hulle geboorte hier by ons. As ons maar alleen op ons edelgesteentes en kostelike metale sinspeel, gee dit al 'n uitnodiging om tot die gevolgtrekking te kom dat daar 'n groot toekoms vir ons in die skemering van ons dageraad opstyg.

As die bevordering wat sover gemaak is, bekragtig word deur 'n ineenvlegting van ons nywerhede en mynwese, sal 'n kragtige kabel gevorm kan word om die spanning van buite-kompetiesie te strem; en waar ons al juis sulke verbasende skredes vooruit geneem het, 'n geluk en roem verwerf soos wat min ander lande aanspraak op kan maak. Die aangeleenthede is van so'n uitnemende aard, dat ander lande al aanbiedinge gemaak het om kapitaal in te steek vir die bedryf van verskillende nywerhede soos byvoorbeeld die vervaardiging van yster en staal, en die oprigting van seep- en ander fabrieke, as die nodige beskerming en waarborg net gegee kan word. Maar, dit is genoeg, daar is niemand wat daar nie van bewus is nie — tensy die persoon dit nie wil weet nie — dat ons nywerhede bot en bloei en welig in volle wasdom sal geraak.

As dié wat nog die donker brille van eievooroordeel op het, en die ander wat 'n gerookte glas voor hulle oë laat hou, maar net dit wil weglig, en met die blote natuurlike oë wil kyk, sal hulle, in die agtergrond van die wasige oorde op die gesigseinder van ons toekoms 'n skerpgetekende silwer ontwerp van 'n onbesoedelde vooruitsig en oorwinning vir die aangeleenthede van 'n groot en sterk indus-

triële, landboukundige en maatskaplike Suid-Afrikaanse volk, daar sien troon. Maar, alles sal nie soetbrood en gebraaide duiwe wees nie; ons sal daarvoor moet swoeg en volhard, en die skoner ideale omhoog hou, anders kan dit gebeur dat daardie skoon helmteken aan die sfeer van ons gesig deur 'n verderflike bliksemstraal, wat uitskiet uit die verskriklike wrywing van 'n ineenstortende volkskarakter en morele ligtoring, verpletter en in die onherroepelike vergetelikheid weggedompel word.

---